**Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig (OP221)**

**Joh 7:1-24**

**25 Mei 2025**

Laasweek het ons ons studie van Joh 6 afgehandel. In die hoofstuk het ons geleer dat die Here Jesus die brood van die lewe is. Ons kan net deel kry aan die brood van die lewe indien die Vader ons aan die Here Jesus gee. Dit gebeur deurdat die Vader ons na die Here Jesus toe trek, en Hy trek ons deur ons te onderrig. Die onderrig vind plaas deur die werk van die Here Jesus, asook deur die werk van die Heilige Gees. Ons het ook geleer dat die Here Jesus spesifiek geleer het dat Sy liggaam die brood van die lewe is. Ons kry deel aan die brood van die lewe deur Sy liggaam te eet en Sy bloed te drink. Dit is 'n figuurlike beskrywing van die noodsaak dat ons ons innig met die Here Jesus se offer aan die kruis moet vereenselwig. Vir baie mense wat deel was van die Joodse skare, was hierdie lering van die Here Jesus te erg. Hulle het aanstoot geneem, en Hom nie verder gevolg nie – want hulle is nie deur die Vader aan die Here Jesus gegee nie. Daarteenoor het elf van die twaalf dissipels van die Here Jesus getrou die Here Jesus bly volg. Petrus het 'n kosbare belydenis gegee dat die Here Jesus wel die woorde van die ewige lewe het, en daarom het hulle in Hom geglo – want hulle is wel deur die Vader aan die Here Jesus gegee.

Vandag begin ons om Joh 7 te bestudeer. Joh 7:1-2 gee vir ons die agtergrond waarteen ons hierdie gebeure moet oordink. Lees verse 1-2. Uit vers 2 blyk dit dat die huttefees op hande was. Die huttefees (oftewel die loofhuttefees) was een van die jaarlikse feeste waarvoor die volk Jerusalem toe moes gaan. Hierdie fees het enersyds die insameling van die oes gevier, en andersyds het die volk ook tydens hierdie fees daaraan gedink hoe die Here hulle destyds op hulle woestyntog op pad na die beloofde land bewaar het. Vir die doel het die volk gedurende die 7 dae van die fees in hutte gewoon – wat herinner het aan die Here wat in hulle midde in die tabernakel gewoon het, en hulle self het in tente gewoon (In Engels word die fees die "feast of the tabernacles" genoem).

Ons weet Joh 6 se broodvermeerdering het teen die tyd van die pasga plaasgevind (Joh 6:4). Joh 7 speel af teen die tyd van die loofhuttefees – dit beteken Joh 7 vind ongeveer 6 maande na Joh 6 plaas. Vers 1 vertel dat die Here Jesus gedurende hierdie 6 maande in Galilea rondgegaan het. Hy het nie in hierdie periode na Judea, en dus Jerusalem, toe gegaan nie, want die Jode in Judea wou Hom doodmaak. Ons weet immers uit Joh 5:18 dat die Jode in Jerusalem Hom wou doodmaak nadat Hy die man by die bad van Betesda op 'n sabbatdag genees het. Sedertdien het die Here Jesus Jerusalem en Judea vermy. Maar nou is dit tyd vir die loofhuttefees – en die vraag is of die Here Jesus nou wel Jerusalem toe sal gaan, soos wat van die volk verwag is om te doen. Dit is die agtergrond wat ons in gedagte moet hou as ons Joh 7 bestudeer.

Ek wil vandag stilstaan by Joh 7:1-24, en ek wil die gedeelte oordink onder die volgende drie punte: (1) Die uiteenlopende opinies oor die Here Jesus onder Sy broers en in Jerusalem (Joh 7:1-31), (2) Die lering van die Here Jesus aan Sy broers in Galilea (Joh 7:3-10), en (3) Die lering van die Here Jesus aan die Jode in Jerusalem by die loofhuttefees (Joh 7:11-24).

<u>Die uiteenlopende opinies oor die Here Jesus onder Sy broers en in Jerusalem (Joh 7:1-31)</u>

Dit is verstommend as mens deur die gedeelte lees om op te let hoeveel verskillende opinies daar oor die Here Jesus bestaan het. En boonop was hierdie opinies uiteenlopend. Let op die volgende:

- Vers 5: Die broers van die Here Jesus, m.a.w. die ander seuns van Josef en Maria, het nie in Hom geglo nie – wel, ten minste nie op hierdie stadium nie. Ons weet dat die Here Jesus na

Sy opstanding aan Jakobus verskyn het, en dat hy toe geglo het (1 Kor 15:7). Maar op hierdie stadium het hulle nog nie in Hom geglo nie.

- Vers 12: Sommige van die Jode in Jerusalem het gesê: "Hy is 'n goeie mens."
- Vers 12: Ander in Jerusalem het weer geredeneer Hy is Iemand wat die mense mislei.
- Vers 13: Baie wou eenvoudig uit vrees nie oor Hom praat nie. Hulle het liewer niks gesê nie, ons kan amper sê hulle was agnosties.
- Vers 20: Daar was Jode in Jerusalem wat geredeneer het Hy was met 'n demoon besete.
- Vers 26: Daar was ook van die Jode wat gewonder het of Hy nie dalk tog die Christus was nie.
- Vers 31: Baie het selfs begin glo dat Hy die Christus was – al was hierdie oortuiging grootliks gebaseer op die tekens wat Hy gedoen het.

Ek glo dit is duidelik: 'n Groot variasie in opinies oor die Here Jesus – Party glo, ander glo nie. Party bly liewer stil, ander is openlik vyandig. Dit laat ons wonder: Hoekom soveel verskillende en soveel uitlopende opinies? Hoe gebeur so-iets? Beteken dit dat die Here Jesus se lering en optrede nie oortuigend was nie, maar eerder verwarrend was? As dit oortuigend was, sou ons tog verwag het dat hulle almal eenparig saamgestem het en in Hom geglo het – maar dit is eenvoudig nie die geval nie. Hoekom nie? Dit is natuurlik vandag steeds die geval – daar is vandag steeds dieselfde variasie in opinies oor die Here Jesus. Hoekom? Die lering van die Here Jesus wat nou volg is baie insiggewend om dit te verstaan.

<u>Die lering van die Here Jesus aan Sy broers in Galilea (Joh 7:3-10)</u>

Lees Joh 7:3-4. Die broers van die Here Jesus het Hom aangemoedig om Judea toe te gaan tydens die opkomende loofhuttefees. Hulle motivering hiervoor is die volgende: Hy tree op as 'n godsdienstige leier. Enersyds doen Hy allerlei tekens, en andersyds gee Hy verreikende lering oor die betekenis van Sy tekens. Dit is tog duidelik dat Hy wil hê dat mense Hom moet volg. Alhoewel hulle nie self oortuig is van waarmee die Here Jesus besig is nie, is hulle aanbeveling dat Hy Jerusalem toe moet gaan. Heelwaarskynlik was daar 'n moedswilligheid en miskien selfs 'n jaloersheid in hulle aanbeveling – immers is Hy hulle broer, wat laat Hom dink dat Hy so spesiaal is in vergelyking met hulleself. Maar, reken hulle, as Hy werklik 'n godsdienstige beweging aan die gang wil kry, moet Hy Jerusalem toe gaan. Immers is dit waar die geestelike leiers van die Joodse volk, en Hy sal hulle moet oortuig van Sy oortuigings. En boonop is die komende loofhuttefees 'n goeie geleentheid – want dan sal daar ook 'n groot deel van die volk in Jerusalem bymekaar wees. Daar kan Hy baie oortuig om Hom te volg. Ja, Sy broers was sekerlik bewus dat baie van die Joodse skare na die broodvermeerdering Hom nie langer gevolg het nie, en hulle was sekerlik ook bewus dat die Jode in Judea Hom laas wou doodmaak, maar die feit van die saak is steeds dat Hy Sy dinge in die openbaar moet doen as Hy hoegenaamd suksesvol wil wees. Dit help nie Hy kruip langer weg in Galilea nie.

Lees Joh 7:6-10. Die Here Jesus verskil egter van Sy broers. In vers 6 sê Hy: "My bestemde tyd is nog nie hier nie". As ons dit lees, dink ons direk aan Joh 2:4 – tydens die bruilof in Kana. Daar het die Here Jesus vir Sy moeder Maria gesê: "Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie." Toe ons destyds na daardie gedeelte gekyk het, het ons gesê Hy het daarmee bedoel dat die tyd nog nie gekom het dat Hy gekruisig moes word, sterf, opstaan en opvaar hemel toe nie. Is dit ook wat die Here Jesus hier bedoel in hierdie woorde aan Sy broers? Hy kan nie nou Jerusalem toegaan nie, want dit is nog nie die tyd vir Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart nie? Waarskynlik nie, want alhoewel vers 9 sê Hy het aanvanklik in Judea gebly, sê vers 10 dat Hy tog wel later na Jerusalem gegaan het. Wat beteken dit dan dat Hy vir Sy broers gesê het dat Sy bestemde tyd nog nie hier is nie? Don Carson wys daarop dat die Here Jesus hier 'n ander woord vir "tyd" gebruik as in Joh 2:4. In

Joh 2:4 gebruik Hy "hora", maar hier in vers 6 gebruik Hy "kairos". Hy gebruik ook "kairos" as Hy sê dat dit wel die tyd is vir Sy broers om Jerusalem toe te gaan. Later lees ons in vers 30 dat hulle nie die Here Jesus kon arresteer nie, omdat Sy uur nog nie aangebreek het nie. Daardie "uur" verwys weer spesifiek na Sy lyding, opstanding en hemelvaart – en daar gebruik Johannes weer "hora", soos in Joh 2:4, nie "kairos" soos hier in vers 6 nie. Don Carson sê ons kan hieruit aflei dat die Here Jesus nie na Sy komende lyding verwys het nie, maar eerder net bedoel het dat toe Sy broers met Hom gepraat het, was dit nog nie die bestemde tyd vir Hom om Jerusalem toe te gaan vir die loofhuttefees nie. Hy het glad nie Sy lyding aan die kruis in gedagte gehad soos in Joh 2 of in vers 30 nie. 'n Paar dae later het Hy wel Jerusalem toe gegaan – toe was dit wel die bestemde tyd. Intussen was dit wel die tyd dat Sy broers Jerusalem toe moes gaan.

In vers 7 gee die Here Jesus die rede waarom hulle nou alreeds Jerusalem toe kan gaan maar Hy nie – die wêreld haat Hom, maar hulle haat nie Sy broers nie. Die wêreld haat Hom, want Hy getuig teen die wêreld dat hulle dade boos is. Die wêreld haat nie Sy broers nie, want hulle is nog deel van die wêreld. Daarom kan hulle vrylik rondbeweeg, maar Hy moet versigtig wees. Ons lees in vers 10, dat toe Hy later wel opgegaan het na Jerusalem, moes Hy dit steeds versigtig en in die geheim doen.

Maar wat is nou eintlik die punt wat die Here Jesus aan Sy broers en ons wil oordra? Die punt is die volgende: Dit is so dat die Here Jesus in die volheid van die tyd gebore is hier op aarde – daar was dus 'n deur God bepaalde tyd vir Sy geboorte. Dit is ook so dat daar 'n deur God bepaalde tyd is vir Hom om te sterf, op te staan en op te vaar. Dit is nog nie nou daardie tyd nie. Maar, dit is nie net die groot gebeurtenisse in Sy lewe wat deur die Here bepaal word nie. Nee, Hy is hier omdat Hy deur die Vader gestuur is, Hy is hier met 'n spesifieke opdrag van Sy Vader. En Hy moet dit uitvoer tot in die fynste besonderhede in lyn met die skedule wat Sy Vader daarvoor bepaal het. Selfs in terme van wanneer Hy Jerusalem toe gaan selfs net vir die loofhuttefees, tree Hy nie onafhanklik van Sy Vader op nie. Sy skedule en optrede word nie bepaal deur wat Sy broers dink die regte tyd en die regte optrede is nie – nee, Hy tree volgens die skedule wat Sy Vader vir Hom gee op. Daarom gaan Hy nie saam met Sy broers Jerusalem toe nie, maar eers later toe dit wel die geleë tyd was volgens Sy Vader. Hy is nie net gehoorsaam aan Sy Vader in die "hora's" nie, nee, Hy is ook gehoorsaam aan Sy Vader in die "kairosse" van Sy lewe hier op aarde.

Hierdie gehoorsaamheid van die Here Jesus aan Sy Vader kom ook duidelik na vore in die lering wat Hy in Jerusalem gegee het tydens die loofhuttefees.

<u>Die lering van die Here Jesus aan die Jode in Jerusalem by die loofhuttefees (Joh 7:11-24)</u>

Lees Joh 7:14. Die loofhuttefees het vir 7 dae lank geduur. Die fees was alreeds halfpad verby, toe gaan die Here Jesus na die tempel toe en begin om daar onderrig te gee. Direk wonder ons: Hoekom doen Hy dit? Eers kom Hy nie fees toe nie. Toe Hy wel kom, doen Hy dit versigtig en in die geheim. Maar noudat die fees halfpad verby is, gaan Hy na die tempel toe en begin om daar onderrig te gee in die openbaar. Dit is juis wat Sy broers voorgestel het Hy moet doen – in die openbaar In Jerusalem optree. En nou skielik is dit presies wat Hy doen. Hoekom nou skielik? Wel, ons moet aflei: Want dit is wat die Vader Hom opgedra het. Nie net word Sy skedule deur die Vader bepaal nie, maar ook wat Hy doen. Hy gee nie onderrig in die tempel oor Sy broers dit voorgestel het nie, Hy doen dit omdat dit is wat die Vader van Hom verwag om te doen. En Hy doen dit op die tyd wat Sy Vader bepaal het.

Lees Joh 7:15. Die oomblik wat die Here Jesus begin leer, is daar nog iets opvallend. Sy lering staan uit – dit verwonder die Jode. Wat hulle verstom laat staan, is dat Hy lering gee uit die Skrifte uit, d.w.s. Hy gee lering uit die Ou Testament. En die verstommende feit is dat Hy geen formele opleiding gehad het om dit te doen nie. Nie net was Sy lering aangrypend nie, Hy kon aangrypende lering uit

die Ou Testament gee sonder dat Hy die normale pad geloop het wat ander leermeesters geloop het. Weereens sien ons hoedat die Here Jesus net nie ingepas het by die denke van destyds nie. Tipies sou iemand van ‘n rabbi geleer het, en wanneer hy dan na sy opleiding lering gegee het, sou hy erkenning gegee het aan sy leermeesters en verwys het na wat hulle al vantevore geleer het. Maar dink nou aan hoe ons herhaaldelik in Joh 6 gelees het dat Hy geleer het: “Amen, amen. Ek sê vir julle” – Hy verwys nie na Sy menslike leermeesters nie, nee, Hy praat met gesag. Die Here Jesus pas net eenvoudig nie in die tipiese rol waaraan die Jode gewoond was nie. Dit alles dra natuurlik daartoe by dat daar soveel verskillende opinies oor Hom is.

Kom ons let nou op die lering wat die Here Jesus wel gee. Lees Joh 7:16. Die Here Jesus verduidelik wat dit is wat Hy leer. Hy leer nie uit Sy eie nie. Al is dit so dat Hy nie teologiese opleiding gehad het nie, mag dit dalk vir die Jode lyk of Hy uit Sy eie leer – maar dit is nie so nie. Hy leer ook nie wat Hy by een of ander menslike leermeester geleer het nie – nee, Hy leer dit wat kom van die Een wat Hom gestuur het. Natuurlik is dit God die Vader wat Hom gestuur het, en daarom beteken dit dat die Here Jesus leer wat van God die Vader kom. ‘n Paar dae gelede het Hy aan Sy broers in Galilea geleer Hy tree op wanneer dit die tyd is wat die Vader bepaal het dat Hy moet optree. Nou leer Hy in Jerusalem Hy leer net dit wat van Sy Vader kom. Sy hele optrede sowel as die inhoud van dit wat Hy leer, word deur Sy Vader bepaal, en Hy is volkome gehoorsaam aan Hom. Daarom kan Hy die vrymoedigheid neem wanneer Hy leer om te sê: “Amen, amen. Ek sê vir julle” – want Hy weet Hy leer presies wat die Vader vir Hom gegee het om te leer. Dit is ook om hierdie rede dat die Jode hierna kan luister en verwonderd kan wees – Hy leer immers God-gegewe inhoud op ‘n gesagvolle manier.

Lees Joh 7:17. Nou antisipeer die Here Jesus ‘n vraag wat by die Jode sou kon ontstaan: Ja, dit mag so wees dat Hyself oortuig is Hy leer wat van die Vader kom – maar kan hulle ook oortuig wees Sy lering kom van die Vader af? Die Here Jesus gee hierop ‘n baie insiggewende antwoord: Daar is mense wat kan weet of wat Hy leer werklik van God die Vader afkom, en of dit eerder net van Homself afkom deurdat Hy uit Sy eie praat. En die mense wat kan weet, die mense wat hieroor kan oordeel, is die mense wat bereid is om Sy wil te doen, d.w.s. dit is die mense wat bereid is om die wil van die Vader te doen. Sien jy dit? Dit is die mense wat bereid is om die wil van die Vader te doen, wat weet of wat die Here Jesus leer van die Vader kom en of dit net Sy eie leer is.

Wie is hierdie mense wat bereid is om die wil van die Vader te doen? Nou moet ons onthou wat ons in Joh 6 geleer het. Daar is mense wat die Vader aan die Seun gee. Dit is hierdie mense wat die Vader na die Seun toe trek. Hy trek hulle na die Vader toe deur hulle te onderrig. Hy onderrig hulle deur Sy Seun en deur die Heilige Gees. Hy gee aan hulle deur die Heilige Gees nuwe harte. Hy skryf deur die Heilige Gees Sy wet op hulle harte. Hy maak Homself aan hierdie mense bekend deur Sy Seun. Hierdie mense wil gevolglik die wil van die Vader doen (gaan lees maar weer Eseg 36:27). In die woorde van Joh 7:17: dit is hierdie mense wat bereid is om die wil van die Vader te doen. Die punt wat die Here Jesus dus maak, is dat dit die gelowiges is wat weet of wat die Here Jesus leer van die Vader afkom, en of dit net Sy eie lering is.

Geliefdes, ons moet dit mooi hoor en goed snap: Die Here Jesus se lering laat die Jode in verwondering. Die rede hiervoor is omdat Hy nie leer wat die Joodse leiers leer nie, nee, Hy leer wat van die Vader afkom. En Hy vestig die verwonderde Jode se aandag daarop daar mense is wat weet dat wat Hy leer, nie Sy eie leer is nie, maar dat dit van die Vader afkom. Die Jode kan hulle maar gaan vra. Daardie mense is die gelowiges. Maar, wil jy vra, hoe weet hulle? Hulle weet, want toe die Vader hulle na die Seun getrek het, het Hy hulle onderrig – Hy het hulle oortuig met feite oor Sy Seun. Hy het hulle geleer vanuit die Ou Testament, en hulle kan sien hoe die Ou Testament besig is om vervul te word in die Here Jesus, hulle kan sien hoe Hy absoluut daarna streef om gehoorsaam te

wees aan Sy Vader se wil – hulle kan getuig dit wat Hy leer is in lyn met wat die Vader deur die eeue heen geopenbaar het. Hy praat nie uit Sy eie nie – Hy praat agter Sy vader aan. Hulle weet dit. Want hulle is onderrig toe hulle nadergetrek is.

Lees Joh 7:18. Siende dat ons seker kan wees dat die Here Jesus nie uit Sy eie praat nie, daarom volg dit net logies dat Hy ook nie Sy eie eer soek nie. Siende dat Hy leer wat van die Vader afkom, moet dit beteken Hy soek die eer van Sy Vader, dus van God die Vader. Dit beteken Hy is geloofwaardig – ons kan Hom glo in alles wat Hy leer.

Dink mooi oor wat die Here Jesus leer. Daar is mense wat weet Die Here Jesus leer net wat van die Vader kom – dit is die gelowiges. Om te weet, beteken so iemand moet gelowig wees – hy moet in Christus wees, hy moes al Sy liggaam geëet het en Sy liggaam gedrink het – dan weet hy. Maar nie almal is gelowig nie, nie almal is in Christus nie, nie almal het geëet en gedrink nie – daar is dus mense wat nie weet nie. Hulle kan spekuleer en redeneer en wonder oor die Here Jesus – maar hulle weet nie. Verstaan jy hoekom daar so baie uiteenlopende opinies oor Jesus was wat gewissel het van duiwelbesetene tot 'n goeie mens? Want die mense weet nie. Hulle weet nie, want hulle is nie in Christus nie. Solank jy nie in Christus is nie, kan jy nie werklik weet wie Hy is nie – jy kan spekuleer, maar dis al. Maar jy kan nie sinvol spekuleer nie, want jy ken Hom nie. Dit is die arrogansie van die ongeredde mens: Hy ken nie die Here Jesus nie, Hy ken God nie, maar hy wil 'n oordeel fel of die Here Jesus bestaan en of wat Hy doen goed of sleg is. Soos wat ek nie kan oordeel of iemand 'n goeie mens is as ek nie die persoon ken nie, soveel te minder kan ek nie oordeel of die Here Jesus geloofwaardig is as ek Hom nie ken nie. Van nature ken geen mens Hom nie, maar diegene wat die Here onderrig oor wie Hy is – hulle weet Hy kom van die Vader af, Hy leer wat die Vader leer, Hy doen wat die Vader wil, Hy soek die Vader se eer. Geliefdes, let op: Daar was nog nie een mens vir wie die Vader deur Sy Seun en Gees geleer het wie die Seun is nie, wat nie op die ou end geweet het wie Hy was nie. Daarom, al is daar baie opinies oor wie die Seun is, is dit nie 'n bewys dat die Here se openbaring oor die Here Jesus nie effektief is nie. Dit is bloot 'n bewys hoe insigloos die mens van nature is oor die Here God en Sy werk. En as jy oor die werk van die Here Jesus wil leer, help dit nie jy gaan luister na die opinies van ongelowiges oor die Here Jesus nie. Hulle ken Hom nie, hulle kan nie sinvol oor Hom praat nie. Dit is net die wat Hom ken, wat oor Hom kan leer.

In Joh 7:19-24 gaan die Here Jesus voort en Hy onderstreep dit wat Hy sopas geleer het met 'n praktiese voorbeeld. Lees vers 19. Hy konfronteer die Jode met die vraag: "Het Moses nie vir julle die wet gegee nie?" Natuurlik sal die Jode hiermee saamstem – immers het hulle hulle daarop beroep dat hulle die wet besit. Hulle het hulle daarop beroep dat hulle die wet bestudeer het. Hulle het verstaan die wet is die wil van die Here en hulle moet gehoorsaam wees aan die wil van die Vader. Wel, onthou wat die Here Jesus in vers 17 gesê het: Dit is die mense wat bereid is om die wil van die Vader te doen, wat Hom werklik ken. Is die strewe van die Jode om die wet te onderhou nou 'n strewe om die wil van die Vader te doen? Natuurlik het die Jode so gedink.

Maar die Here Jesus verskil van hulle. In vers 19 voeg Hy by maar hulle almal voer nie die wet uit nie, m.a.w. hulle is almal ongehoorsaam aan die wet. Natuurlik het dit die Jode geweldig ontstel. Gevolglik voeg die Here Jesus 'n bewys vir Sy stelling by: Hy sê die bewys dat hulle nie die wet uitvoer nie, word sigbaar in die feit dat hulle Hom probeer doodmaak. Ons weet hulle wou dit al doen sedert Hy die man by die bad van Betesda gesond gemaak het. En om dood te maak, is teen die wet van Moses. Dit bewys hulle was nie bereid om God se wil te doen nie.

Lees vers 20. Natuurlik probeer die skare hulleself verontskuldig. Lees vers 21. Maar die Here Jesus gaan voort met 'n verdere argument. Hy sê Hy het een daad gedoen wat hulle almal verbaas het. Die daad waarna Hy verwys is die genesing van die man by die bad van Betesda. Die Jode was nie soseer

ontsteld omdat Hy die man gesond gemaak het nie, nee, hulle was veral ontsteld omdat Hy dit op die sabbatdag gedoen het, en omdat Hy vir die man gesê het Hy moet sy slaapmat op die sabbatdag dra. Volgens hulle was dit 'n oortreding van die sabbatsgebod in die wet van Moses. Dit is hieroor wat hulle Hom wou doodmaak.

Lees verse 22-23. In hierdie verse verwys die Here Jesus na die besnydenis. Natuurlik was dit 'n voorskrif dat alle Joodse seuntjies op die agste dag besny moes word. Dit is so in die wet van Moses voorgeskryf – alhoewel die voorskrif vir die besnydenis al verder teruggaan tot by Abraham. Daar is egter 'n saak wat algemene praktyk geword het: Wat gedoen moes word indien 'n seuntjie op 'n sabbatdag gebore is. As daardie seuntjie op die agste dag besny moes word, beteken dit dat hy op die volgende sabbatdag besny moes word. Dit is tog wat die wet van Moses vereis. Maat die wet van Moses vereis ook dat die sabbatdag 'n dag van rus moes wees. Die vraag was: Moes die wet verbreek word deur nie die seuntjie op die sabbatdag te besny nie, of deur nie die sabbatdag as rusdag te onderhou nie? Die algemene praktyk was om wel voort te gaan met die besnydenis op die sabbatdag. Die rede hiervoor was omdat die instelling van die besnydenis al van Abraham afkom, en dus in plek was voor die wet van Moses – daarom is gevoel die besnydenis moet voorkeur kry bo die onderhouding van die sabbatdag.

Let nou op: Die Here Jesus veroordeel nie soseer hierdie praktyk nie. Ja, dit lyk of Hy bevraagteken hoekom hulle redeneer hulle mag die sabbatdag oortree deur 'n seuntjie te besny, maar Hy mag nie op die sabbatdag iemand gesond maak nie. Ek veronderstel die Jode sou net hierop kon antwoord deur te redeneer hoekom het Hy nie net gewag tot op die dag na die sabbatdag om die man gesond te maak nie. Immers het die man al vir 38 jaar daar gelê – nog 'n dag sou tog nie saak maak nie. Was dit werklik nodig om dit op die sabbatdag te doen?

Maar hier lê die kruks van die saak: Die Jode het geredeneer die besnydenis is belangriker as die sabbatdag. Hulle het nie geredeneer gesondmaak is belangriker as die sabbatdag nie. Hulle het nie gesnap wat die Here Jesus besig was om te doen nie. Hulle het nie die verband tussen die besnydenis, die gesondmaking en die sabbatdag raakgesien nie. Lees vers 24. Hulle het op die oog af geoordeel, en nie regverdig geoordeel nie. Die punt is: die besnydenis was 'n teken die Here al vir Abraham gegee het wat gewys het op die nood van die sondegevalle mens. Sy sondeskuld moet weggesny word, hy moet as't ware gesond gemaak word van sy doodsheid in sy sonde. Dit moet bewerk word deur die vloei van bloed – ten diepste natuurlik die Here Jesus se bloed. Dit is die Here Jesus wat dit bewerk waarna die besnydenis wys. Die oorgang van doodsheid in sonde na lewe vind plaas wanneer die persoon die liggaam en bloed van die Here Jesus eet en drink – dan gaan hy oor van die dood na die lewe. En daardie persoon sal die ewige lewe ontvang – hy sal die ewige rus ontvang, wat afgebeeld is in die sabbatsrus op die sabbatdag. Daardie genesing van die man by die bad van Betesda was 'n afbeelding van dieselfde saak as waarvan die besnydenis 'n afbeelding was. Ja, in die besnydenis is dit net een orgaan wat betrokke was, maar in die genesing van die man is die hele man gesond gemaak. Dit is die Here Jesus wat hom gesond maak. En Hy het dit juis op die sabbatdag gedoen omdat die gesondmaking van die hele mens tot gevolg het dat daardie mens sal deel in die sabbatsrus.

Die punt is: die Jode het op die oog af geoordeel. Hulle het die besnydenis, sabbatdag en gesondmaking in aparte kompartemente gesien. Hulle het glad nie raakgesien dat hulle goedkeuring om op die sabbatdag te besny in beginsel dieselfde boodskap dra as die Here Jesus wat op die sabbatdag iemand gesond maak nie. Hulle kon eenvoudig nie regverdig oordeel nie. En dit is die probleem wanneer mense wat nie toegerus en bereid is om die wil van die Here te soek nie, uitsprake oor die Here God en Sy werk wil maak. Dit is die probleem wanneer mense wat nie deur die Here God onderrig is toe Hy hulle getrek het nie, uitsprake wil maak oor die Here Jesus. Dit is die

probleem in ons dag wanneer allerlei ongelowiges – ateïste en agnostici en mense van ander gelowe – uitsprake wil maak oor die Here Jesus. Hulle maak allerlei uitsprake. Hulle oordeel. Maar hulle oordeel op die oog af. Hulle oordeel nie regverdig nie. Hulle kan eenvoudig nie – want hulle staan buite, hulle ken nie die Here Jesus nie. Hoe kan hulle dan oor Hom praat?

Afsluiting

Ons leef in 'n tyd waar die mens baie beïndruk is met sy eie vermoëns. Veral die wetenskap word hoog aangeskryf. Dikwels word daar geredeneer die mens sal met verloop van tyd deur wetenskapsbeoefening alles kan verklaar en verduidelik. Daarom is die tyd van godsdiensbeoefening en geloof in 'n Bonatuurlike wese glo verby. Maar daar is sekere dinge wat ons net kan weet as dit aan ons geopenbaar word. Die sondegevalle mens is egter arrogant, en dink hy kan sinvol redeneer of daar 'n God is, en indien wel, hoe God is en wat Hy kan en selfs wat Hy mag doen. Die feit van die saak is, 2000 jaar gelede in Jerusalem het dit tot baie verskillende opinies oor die Here Jesus gelei. Vandag, 2000 jaar later, redeneer die sondegevalle mens steeds hieroor – maar steeds is die resultaat baie verskillende opinies. Die enigste mense wat destyds sinvol oor die Here God en Sy Seun kon praat, was diegene wat Hy onderrig het in Sy geopenbaarde waarheid. Die enigste mense wat vandag sinvol kan praat oor die Here God en Sy Seun, is diegene wat Hy onderrig in Sy geopenbaarde waarheid. Dit is net hulle wat die Here God ken. En hulle ken Hom net omdat Hy hulle aangaande Homself onderrig het. Al die ander mense praat uit onkunde. Selfs die Jode met al hulle sogenaamde kennis, het steeds in onkunde net op die oog af geoordeel. Dit vra eenvoudig 'n werk van God voor ons Hom kan leer ken. Hy moet ons onderrig – net dan kan ons Hom ken. Daarsonder oordeel ons op die oog af, en dan is ons oordeel nie regverdig nie.